# Government Gazette

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

Vol. 672 | Cape Town / Kaapstad | 1 June 2021 | No. 44647

## THE PRESIDENCY

**No. 320** **1 June 2021**

It is hereby notified that the President has assented to the following Act, which is hereby published for general information:—

**Act No. 3 of 2021: Local Government: Municipal Structures Amendment Act, 2021**

## DIE PRESIDENSIE

**No. 320** **1 Junie 2021**

Hierby word bekend gemaak dat die President sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

**Wet No. 3 van 2021: Wysigingswet op Plaaslike Regering: Munisipale Strukture, 2021**

ISSN 1682-5845

AIDS HELPLINE: 0800-0123-22 Prevention is the cure

**GENERAL EXPLANATORY NOTE:**

| | |
|---|---|
| [ ] | Words in bold type in square brackets indicate omissions from existing enactments. |
| ______ | Words underlined with a solid line indicate insertions in existing enactments. |

*(English text signed by the President)*
*(Assented to 26 May 2021)*

# ACT

**To amend the Local Government: Municipal Structures Act, 1998, so as to insert, delete and amend certain definitions; to remove all references to district management areas; to remove all references to plenary executive system as a type of municipality; to provide for a minimum of 10 councillors per municipality; to amend the deviation threshold; to provide for the prohibition of a councillor who was found guilty of a breach of the Code of Conduct for Councillors for a period of two years; to clarify the date of assumption of office by a councillor; to allow for extension on the declaration of the result of an election; to require the municipal manager to inform the MEC for local government in the province in addition to the Electoral Commission of ward vacancies; to provide that the MEC call and set the date for by-elections; to clarify who can inform the municipal manager of a specific vacancy; to allow the MEC to designate a person to call and chair a meeting of the municipal council when the speaker, acting speaker or municipal manager refuses to call the meeting; to provide for additional functions of the speaker; to provide for a whip of municipal council; to clarify the formula for the composition of an executive committee; to provide for the establishment of a municipal public accounts committee; to provide for the resolution of a situation where excessive seats may arise from the seat calculation in local municipalities; to amend the timeframe for the municipal manager to inform the chief electoral officer of vacancies; to allow for the MEC to inform the chief electoral officer of vacancies if the municipal manager fails to do so; to clarify the supplementation of party lists for local municipalities; to provide for the resolution of multiple seats which may arise where a candidate qualifies to be elected to more than one seat; to clarify the supplementation of party lists for district municipalities; to provide for a Code of Conduct for Councillors; to provide for transitional arrangements in respect of municipalities with a plenary executive system; and to provide for matters connected therewith.**

BE IT ENACTED by the Parliament of the Republic of South Africa, as follows:—

**ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA:**

| | |
|---|---|
| **[ ]** | Woorde in vet druk in vierkantige hakies dui op weglatings uit bestaande verordeninge. |
| ______ | Woorde met 'n volstreep daaronder dui op invoegings in bestaande verordeninge. |

*(Engelse teks deur die President geteken)*
*(Goedgekeur op 26 Mei 2021)*

# WET

**Tot wysiging van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Strukture, 1998, ten einde sekere omskrywings in te voeg, te skrap en te wysig; alle verwysings na distriksbestuurgebiede te verwyder; alle verwysings na volle raad uitvoerende stelsel as 'n tipe munisipaliteit te verwyder; vir 'n minimum van 10 raadslede per munisipaliteit voorsiening te maak; die afwykingsdrempel te wysig; voorsiening te maak dat 'n raadslid wat aan 'n verbreking van die Gedragskode vir Raadslede skuldig bevind is, vir 'n tydperk van twee jaar verban word; die datum van ampsaanvaarding deur 'n raadslid uit te klaar; voorsiening te maak vir uitstel vir die verklaring van die uitslag van 'n verkiesing; te vereis dat die munisipale bestuurder die LUR vir plaaslike regering in die provinsie, benewens die Verkiesingskommissie, van vakatures in wyke verwittig; voorsiening te maak dat die LUR tussenverkiesings uitskryf en die datum daarvoor bepaal; duidelik te stel wie die munisipale bestuurder van 'n spesifieke vakature kan verwittig; toe te laat dat die LUR 'n persoon aanwys om 'n vergadering van die munisipale raad te belê en daarby voor te sit wanneer die speaker, waarnemende speaker of munisipale bestuurder weier om die vergadering te belê; voorsiening te maak vir bykomende werksaamhede van die speaker; voorsiening te maak vir 'n sweep van 'n munisipale raad; die formule vir die samestelling van 'n uitvoerende komitee duidelik te maak; voorsiening te maak vir die instelling van 'n komitee vir munisipale openbare rekeninge; voorsiening te maak vir die resolusie van 'n situasie waar buitensporige setels kan voortspruit uit setelberekening in plaaslike munisipaliteite; die tydsbestek te wysig waarbinne die munisipale bestuurder die hoofverkiesingsbeampte van vakatures moet verwittig; voorsiening te maak dat die LUR die hoofverkiesingsbeampte van vakatures kan verwittig indien die munisipale bestuurder versuim om dit te doen; die aanvulling van partylyste vir plaaslike munisipaliteite uit te klaar; voorsiening te maak vir die resolusie van veelvuldige setels wat kan ontstaan waar 'n kandidaat kwalifiseer om tot meer as een setel verkies te word; die aanvulling van partylyste vir distriksmunisipaliteite uit te klaar; voorsiening te maak vir 'n Gedragskode vir Raadslede; voorsiening te maak vir oorgangsmaatreëls ten opsigte van munisipaliteite met 'n volle raad uitvoerende stelsel; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.**

DAAR WORD BEPAAL deur die Parlement van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

**Amendment of section 1 of Act 117 of 1998, as amended by section 93 of Act 27 of 2000 and section 3 of Act 19 of 2008**

**1.** Section 1 of the Local Government: Municipal Structures Act, 1998 (Act No. 117 of 1998) (hereinafter referred to as the principal Act), is hereby amended—

*(a)* by the insertion before the definition of ''by-election'' of the following definition:

'' '**authorised representative**', in relation to a party, means a natural person duly authorised by the party in accordance with its constitution to act on the party's behalf for purposes of performing the duties contemplated in sections 27(2) and 43(2)*(d)* and *(e)*;'';

*(b)* by the insertion after the definition of ''category'' of the following definition:

'' '**Code of Conduct**' means the Code of Conduct for councillors set out in Schedule 7;'';

*(c)* by the insertion after the definition of ''councillor'' of the following definition:

'' **'declared elected'** means the publication of a notice in the *Government Gazette* reflecting the names of the councillors elected, which councillors are deemed to have been elected to the office on the date of the declaration of the results of an election by the Electoral Commission;'';

*(d)* by the deletion of the definition of ''district management area'';

*(e)* by the substitution for the definition of ''election'' of the following definition:

'' **'election'**, in relation to a district council, means the election of the councillors referred to in section 23(1)*(a)* **[and *(c)*]**;'';

*(f)* by the insertion after the definition of ''local council'' of the following definition:

'' **'Local Government: Municipal Finance Management Act'** means the Local Government: Municipal Finance Management Act, 2003 (Act No. 56 of 2003);'';

*(g)* by the insertion after the definition of ''municipality'' of the following definition:

'' **'municipal public accounts committee'** means the committee established in terms of section 79A;''; and

*(h)* by the insertion after the definition of ''ward committee'' of the following definition:

'' **'whip'** means a councillor elected in terms of section 41A to be the whip of a municipal council;''.

**Repeal of section 6 of Act 117 of 1998, as amended by section 3 of Act 58 of 1999**

**2.** Section 6 of the principal Act is hereby repealed.

**Amendment of section 7 of Act 117 of 1998**

**3.** Section 7 of the principal Act is hereby amended by the deletion of paragraph *(c)*.

**Substitution of section 9 of Act 117 of 1998**

**4.** The following section is hereby substituted for section 9 of the principal Act:

''**Types of category B municipalities**

**9.** There are the following types of category B municipalities:

*(a)* a municipality with a collective executive system;

*(b)* a municipality with a collective executive system combined with a ward participatory system;

*(c)* a municipality with a mayoral executive system; and

*(d)* a municipality with a mayoral executive system combined with a ward participatory system**[;**

***(e)*** **a municipality with a plenary executive system; and**

***(f)*** **a municipality with a plenary executive system combined with a ward participatory system]**.''.

**Wysiging van artikel 1 van Wet 117 van 1998, soos gewysig deur artikel 93 van Wet 27 van 2000 en artikel 3 van Wet 19 van 2008**

**1.** Artikel 1 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Strukture, 1998 (Wet No. 117 van 1998) (hierna die Hoofwet genoem), word hierby gewysig—

*(a)* deur die omskrywing van ''distrik bestuursgebied'' te skrap;

*(b)* deur die volgende omskrywing na die omskrywing van ''distriksraad'' in te voeg:

'' **'Gedragskode'** die Gedragskode vir raadslede luidens Bylae 7;'';

*(c)* deur die volgende omskrywing na die omskrywing van ''geïntegreerde ontwikkelingsplan'' in te voeg:

'' **'gemagtigde verteenwoordiger'**, met betrekking tot 'n party, 'n natuurlike persoon met behoorlike magtiging deur die party ooreenkomstig die party se grondwet om namens die party op te tree om die pligte beoog in artikels 27(2) en 43(2)*(d)* en *(e)* te verrig;'';

*(d)* deur die volgende omskrywing na die omskrywing van ''Kieswet'' in te voeg:

'' **'komitee vir munisipale openbare rekeninge'** die komitee ingevolge artikel 79A ingestel;'';

*(e)* deur die volgende omskrywing na die omskrywing van ''speaker'' in te voeg:

''**'sweep'** 'n raadslid ingevolge artikel 41A verkies om die sweep van 'n munisipale raad te wees;'';

*(f)* deur die omskrywing van ''verkiesing'' deur die volgende omskrywing te vervang:

'' **'verkiesing'**, met betrekking tot 'n distriksraad, die verkiesing van raadslede bedoel in artikel 23(1)*(a)* **[en *(c)*]**;'';

*(g)* deur die volgende omskrywing na die omskrywing van ''Verkiesingskommissie'' in te voeg:

'' **'verkies verklaar'** die publikasie van 'n kennisgewing in die *Staatskoerant* met die name van die verkose raadslede, welke raadslede geag word tot die amp verkies te wees op die datum van die verklaring van die uitslae van 'n verkiesing deur die Verkiesingskommissie;''; en

*(h)* deur die volgende omskrywing na die omskrywing van ''voorgeskryf'' in te voeg:

'' **'Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur'** die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur, 2003 (Wet No. 56 van 2003);''.

**Herroeping van artikel 6 van Wet 117 van 1998, soos gewysig deur artikel 3 van Wet 58 van 1999**

**2.** Artikel 6 van die Hoofwet word hierby herroep.

**Wysiging van artikel 7 van Wet 117 van 1998**

**3.** Artikel 7 van die Hoofwet word hierby gewysig deur paragraaf *(c)* te skrap.

**Vervanging van artikel 9 van Wet 117 van 1998**

**4.** Artikel 9 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

''**Soorte kategorie B munisipaliteite**

**9.** Daar is die volgende soorte kategorie B munisipaliteite:

*(a)* 'n munisipaliteit met 'n gesamentlike uitvoerende stelsel;

*(b)* 'n munisipaliteit met 'n gesamentlike uitvoerende stelsel wat met 'n wyk deelnemende stelsel gekombineer is;

*(c)* 'n munisipaliteit met 'n burgemeesters- uitvoerende stelsel; en

*(d)* 'n munisipaliteit met 'n burgemeesters- uitvoerende stelsel wat met 'n wyk deelnemende stelsel gekombineer is**[;**

***(e)*** **'n munisipaliteit met 'n volle raad uitvoerende stelsel; en**

***(f)*** **'n munisipaliteit met 'n volle raad uitvoerende stelsel wat met 'n wyk deelnemende stelsel gekombineer is]**.''.

**Substitution of section 10 of Act 117 of 1998**

**5.** The following section is hereby substituted for section 10 of the principal Act:

‘‘**Types of category C municipalities**

**10.** There are the following types of category C municipalities:
*(a)* a municipality with a collective executive system; and
*(b)* a municipality with a mayoral executive system**[; and**
***(c)*** **a municipality with a plenary executive system]**.’’.

**Amendment of section 12 of Act 117 of 1998, as amended by section 93 of Act 27 of 2000 and section 1 of Act 33 of 2000**

**6.** Section 12 of the principal Act is hereby amended by the substitution in subsection (3) for paragraph *(e*A*)* of the following paragraph:

‘‘*(e*A*)* in the case of a district municipality, the number of councillors, determined in terms of section 23, to—
(i) proportionally represent parties; and
(ii) be appointed by each of the local councils within the district municipality to directly represent each local municipality; **[and**
**(iii) proportionally represent parties from each district management area within that district municipality;]**’’.

**Amendment of section 20 of Act 117 of 1998, as amended by section 4 of Act 33 of 2000**

**7.** Section 20 of the principal Act is hereby amended—
*(a)* by the substitution in subsection (1) for paragraph *(b)* of the following paragraph:
‘‘*(b)* may not be fewer than **[three]** 10 or more than 90 councillors, if it is a local or district municipality; and’’;
*(b)* by the substitution in subsection (4) for paragraph *(a)* of the following paragraph:
‘‘*(a)* three of the number determined for the municipality in accordance with the subsection (1) *(a)* formula, if 30 or fewer councillors have been determined for the municipality in terms of the formula, provided that a council of fewer than **[seven]** 10 may not be decreased; **[or]**’’;
*(c)* by the substitution in subsection (4) for paragraph *(b)* of the following paragraph:
‘‘*(b)* 10 per cent of the number determined for the municipality in accordance with the subsection (1)*(a)* formula, if more than 30 councillors have been determined for the municipality in terms of the formula**[.]** or;’’; and
*(d)* by the insertion in subsection (4) after paragraph *(b)* of the following paragraph:
‘‘*(c)* 20 per cent if the geographical area of the local municipality is greater than 20 000 square kilometres and if less than 35 councillors have been determined for the municipality in terms of the formula,
and any deviation in terms of paragraph *(a)*, *(b)* or *(c)* must be done with the concurrence of the Minister.’’.

**Amendment of section 21 of Act 117 of 1998, as amended by section 12 of Act 51 of 2002**

**8.** Section 21 of the principal Act is hereby amended by the insertion after subsection (1) of the following subsection:

‘‘(1A) A councillor who is removed from office by the MEC for local government in a province in terms of item 16(7)*(b)* of the Code of Conduct may not stand as a candidate in an election for any municipal council for a period of two years from the date on which such person was removed from office.’’.

**Vervanging van artikel 10 van Wet 117 van 1998**

**5.** Artikel 10 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

"**Soorte kategorie C-munisipaliteite**

**10.** Daar is die volgende soorte kategorie C munisipaliteite:
*(a)* 'n munisipaliteit met 'n gesamentlike uitvoerende stelsel; en
*(b)* 'n munisipaliteit met 'n burgemeesters- uitvoerende stelsel**[; en**
***(c)*** **'n munisipaliteit met 'n volle raad uitvoerende stelsel]**.".

**Wysiging van artikel 12 van Wet 117 van 1998, soos gewysig deur artikel 93 van Wet 27 van 2000 en artikel 1 van Wet 33 van 2000**

**6.** Artikel 12 van die Hoofwet word hierby gewysig deur in subartikel (3) paragraaf *(e*A*)* deur die volgende paragraaf te vervang:
"*(e*A*)* in die geval van 'n distriksmunisipaliteit, die getal raadslede, ingevolge artikel 23 bepaal, om—
(i) partye proporsioneel te verteenwoordig; en
(ii) aangestel te word deur elk van die plaaslike rade binne die distriksmunisipaliteit om elke plaaslike munisipaliteit regstreeks te verteenwoordig; **[en**
**(iii) partye van elke distriksbestuursgebied binne daardie distriksmunisipaliteit proporsioneel te verteenwoordig;]**".

**Wysiging van artikel 20 van Wet 117 van 1998, soos gewysig deur artikel 4 van Wet 33 van 2000**

**7.** Artikel 20 van die Hoofwet word hierby gewysig—
*(a)* deur in subartikel (1) paragraaf *(b)* deur die volgende paragraaf te vervang:
"*(b)* mag nie minder as **[drie]** 10 of meer as 90 raadslede wees nie, indien dit 'n plaaslike of distriksmunisipaliteit is; en";
*(b)* deur in subartikel (4) paragraaf *(a)* deur die volgende paragraaf te vervang:
"*(a)* drie van die getal wat vir die munisipaliteit ooreenkomstig die subartikel (1)*(a)* formule bepaal is, indien 30 of minder raadslede vir die munisipaliteit ingevolge die formule bepaal is, met dien verstande dat 'n raad van minder as **[sewe]** 10 nie verminder mag word nie; **[of]**";
*(c)* deur in subartikel (4) paragraaf *(b)* deur die volgende paragraaf te vervang:
"*(b)* 10 persent van die getal wat vir die munisipaliteit ooreenkomstig die subartikel (1)*(a)* formule bepaal is indien meer as 30 raadslede ingevolge die formule vir die munisipaliteit bepaal is**[.]** of;";
*(d)* deur in subartikel (4) die volgende paragraaf na paragraaf *(b)* in te voeg:
"*(c)* 20 persent as die geografiese area van die plaaslike munisipaliteit groter as 20 000 vierkante kilometer is en indien minder as 35 raadslede ingevolge die formule vir die munisipaliteit bepaal is,
en enige afwyking ingevolge paragraaf *(a)*, *(b)* of *(c)* moet met die instemming van die Minister gedoen word.".

**Wysiging van artikel 21 van Wet 117 van 1998, soos gewysig deur artikel 12 van Wet 51 van 2002**

**8.** Artikel 21 van die Hoofwet word hierby gewysig deur die volgende subartikel na subartikel (1) in te voeg:
"(1A) 'n Raadslid wat deur die LUR vir plaaslike regering in 'n provinsie ingevolge item 16(7)*(b)* van die Gedragskode uit die amp onthef word, mag nie as 'n kandidaat staan in 'n verkiesing vir enige munisipale raad vir 'n tydperk van twee jaar vanaf die datum waarop daardie persoon uit die amp onthef is nie.".

This gazette is also available free online at **www.gpwonline.co.za**

**Insertion of section 21A in Act 117 of 1998**

**9.** The following section is hereby inserted in the principal Act after section 21:

"**Code of Conduct**

**21A.** The Code of Conduct applies to every member of a municipal council.".

**Amendment of section 22 of Act 117 of 1998**

**10.** Section 22 of the principal Act is hereby amended—

*(a)* by the deletion of subsection (4); and

*(b)* by the addition of the following subsection:

"(5) An elected councillor is deemed to assume office on the date of the declaration of the results of an election by the Electoral Commission.".

**Amendment of section 23 of Act 117 of 1998**

**11.** Section 23 of the principal Act is hereby amended—

*(a)* by the deletion in subsection (1) of paragraph *(c)*;

*(b)* by the substitution for subsection (2) of the following subsection:

"(2) The number of councillors representing local municipalities **[and district management areas]** in a district council referred to in subsection (1)*(b)* **[and *(c)*]** must be—

*(a)* equal to 60 per cent (fractions to be disregarded) of the number of councillors determined for the municipality in terms of section 20 before any increase in terms of section 20(5), plus the increase; and

*(b)* allocated to the respective local councils **[and district management areas]** in accordance with Part 2 of Schedule 2."; and

*(c)* by the addition of the following subsection:

"(5) An elected councillor is deemed to assume office on the date of the declaration of the results of an election by the Electoral Commission.".

**Amendment of section 25 of Act 117 of 1998, as amended by section 93 of Act 27 of 2000**

**12.** Section 25 of the principal Act is hereby amended—

*(a)* by the substitution in subsection (1) for paragraphs *(a)* and *(b)* of the following paragraphs, respectively:

"*(a)* the Electoral Commission does not declare the result of the election **[of a municipal council, or in a district management area, or in a ward,]** within the period specified in terms of the Electoral Commission Act, 1996 (Act No. 51 of 1996), unless the period is extended in terms of section 64(2) of the Local Government: Municipal Electoral Act, 2000 (Act No. 27 of 2000);

*(b)* a court sets aside the election of a council, **[or in a district management area,]** or in a ward;";

*(b)* by the insertion after subsection (2) of the following subsection:

"(2A) The municipal manager must inform the MEC for local government in the province and the Electoral Commission of a vacancy in a ward within 14 days from the date on which the vacancy occurred.";

*(c)* by the substitution in subsection (3) for the words preceding paragraph *(a)* of the following words:

"The **[municipal manager of the municipality concerned]** MEC for local government in the province, after consulting the Electoral Commission, must, by notice in **[a local newspaper]** the *Provincial*

**Invoeging van artikel 21A in Wet 117 van 1998**

**9.** Die volgende artikel word hierby na artikel 21 in die Hoofwet ingevoeg:

“**Gedragskode**

**21A.** Die Gedragskode is op elke lid van ’n munisipale raad van toepassing.”.

**Wysiging van artikel 22 van Wet 117 van 1998**

**10.** Artikel 22 van die Hoofwet word hierby gewysig—

*(a)* deur subartikel (4) te skrap; en

*(b)* deur die volgende subartikel by te voeg:

“(5) ’n Verkose raadslid word geag die amp op te neem op die datum van die verklaring van die uitslae van ’n verkiesing deur die Verkiesingskommissie.”.

**Wysiging van artikel 23 van Wet 117 van 1998**

**11.** Artikel 23 van die Hoofwet word hierby gewysig—

*(a)* deur in subartikel (1) paragraaf *(c)* te skrap;

*(b)* deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:

“(2) Die getal raadslede bedoel in subartikel (1)*(b)* **[en *(c)*]** wat plaaslike munisipaliteite **[en distrik bestuursgebiede]** op ’n distriksraad verteenwoordig, moet—

*(a)* gelyk wees aan 60 persent (met verontagsaming van breukdele) van die getal raadslede wat, voor die vermeerdering ingevolge artikel 20(5), ingevolge artikel 20 bepaal is, plus die vermeerdering; en

*(b)* ooreenkomstig Deel 2 van Bylae 2 aan die onderskeie plaaslike rade **[en distrik bestuursgebiede]** toegewys word.”; en

*(c)* deur die volgende subartikel by te voeg:

“(5) ’n Verkose raadslid word geag die amp op te neem op die datum van verklaring van die uitslae van ’n verkiesing deur die Verkiesingskommissie.”.

**Wysiging van artikel 25 van Wet 117 van 1998, soos gewysig deur artikel 93 van Wet 27 van 2000**

**12.** Artikel 25 van die Hoofwet word hierby gewysig—

*(a)* deur paragrawe *(a)* en *(b)* in subartikel (1) onderskeidelik deur die volgende paragrawe te vervang:

“*(a)* die Verkiesingskommissie nie die uitslag van die verkiesing **[van ’n munisipale raad, of in ’n distrik bestuursgebied, of in ’n wyk,]** binne die tydperk vermeld ingevolge die Wet op die Verkiesingskommissie, 1996 (Wet No. 51 van 1996), verklaar nie, tensy die tydperk ingevolge artikel 64(2) van die ‘Local Government: Municipal Electoral Act’, 2000 (Wet No. 27 van 2000), verleng is;

*(b)* ’n hof die verkiesing van ’n raad**[, of in ’n distrik bestuursgebied,]** of in ’n wyk tersyde stel;”;

*(b)* deur die volgende subartikel na subartikel (2) in te voeg:

“(2A) Die munisipale bestuurder moet die LUR vir plaaslike regering in die provinsie en die Verkiesingskommissie verwittig van ’n vakature in ’n wyk binne 14 dae vanaf die datum waarop die vakature ontstaan het.”;

*(c)* deur in subartikel (3) die woorde wat paragraaf *(a)* voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:

“Die **[munisipale bestuurder van die betrokke munisipaliteit]** LUR vir plaaslike regering in die provinsie moet, na oorleg met die Verkiesingskommissie, by kennisgewing in **[’n plaaslike koerant]** die *Provinsiale Staatskoerant*, ’n tussenverkiesing uitskryf en die datum vir

*Gazette*, call and set a date for the by-election, which must be held within 90 days of the date—'';

*(d)* by the deletion of subsection (4); and

*(e)* by the substitution for subsection (6) of the following subsection:

''(6) The MEC for local government in the province may not call a by-election in terms of subsection (1) if—

*(a)* the next election of all municipal councils must be held within nine calendar months of the applicable dates mentioned in subsection (3); or

*(b)* the MEC for local government in the province in consultation with the Minister decides that the by-election must stand over until the next election of all municipal councils.''.

**Amendment of section 27 of Act 117 of 1998, as amended by section 93 of Act 27 of 2000, section 121 of Act 32 of 2000, section 2 of Act 20 of 2002 and section 10 of Act 55 of 2008**

**13.** Section 27 of the principal Act is hereby amended—

*(a)* by the insertion of the number (1) preceding the following words:

''(1) A councillor vacates office during a term of office if that councillor—'';

*(b)* by the substitution for paragraph *(d)* of the following paragraph:

''*(d)* contravenes a provision of the Code of Conduct **[for Councillors set out in Schedule 1 of the Local Government: Municipal Systems Act, 2000,]** and is removed from office in terms of the Code;'';

*(c)* by the substitution for paragraph *(e)* of the following paragraph:

''*(e)* is a representative of a local council in a district council and ceases to be a member of the local council which appointed that councillor to the district council or is replaced in terms of Item 23 of Schedule 2 to this Act by the local council as its representative in the district council; or''; and

*(d)* by the addition of the following subsection:

''(2) For purposes of this section, only an authorised representative may inform a municipal manager that a vacancy has arisen as contemplated in subsection (1)*(c)* and *(f)*.''.

**Amendment of section 29 of Act 117 of 1998, as amended by section 3 of Act 20 of 2002, section 9 of Act 2 of 2003 and section 11 of Act 55 of 2008**

**14.** Section 29 of the principal Act is hereby amended by the insertion of the following subsection after subsection (1):

''(1A) If the speaker or acting speaker refuses to call a meeting of the council as requested in terms of subsection (1), the municipal manager, or in the absence or refusal by the municipal manager, a person designated by the MEC for local government in the province, may call and chair the meeting.''.

**Insertion of section 29A in Act 117 of 1998**

**15.** The following section is hereby inserted in the principal Act after section 29:

''**Public notice of meetings of municipal councils**

**29A.** The municipal manager of a municipality must give notice to the public, in a manner determined by the municipal council, of the time, date and venue of every—

*(a)* ordinary and special meeting of the council or a meeting of a committee of a council;

*(b)* ordinary or special meeting of the council or a meeting of a committee of a council that was postponed; and

*(c)* urgent meeting of the council or meeting of a committee of a council, except when time constraints make this impossible.''.

die tussenverkiesing bepaal, wat gehou moet word binne 90 dae vanaf die datum—";

*(d)* deur subartikel (4) te skrap; en

*(e)* deur subartikel (6) deur die volgende subartikel te vervang:

"(6) Die LUR vir plaaslike regering in die provinsie mag nie 'n tussenverkiesing ingevolge subartikel (1) uitskryf nie indien—

*(a)* die volgende verkiesing van alle munisipale rade binne nege kalendermaande vanaf die toepaslike datums in subartikel (3) bedoel, gehou moet word; of

*(b)* die LUR vir plaaslike regering in die provinsie in oorleg met die Minister besluit dat die tussenverkiesing tot die volgende verkiesing van alle munisipale rade moet oorstaan.".

**Wysiging van artikel 27 van Wet 117 van 1998, soos gewysig deur artikel 93 van Wet 27 van 2000, artikel 121 van Wet 32 van 2000, artikel 2 van Wet 20 van 2002 en artikel 10 van Wet 55 van 2008**

**13.** Artikel 27 van die Hoofwet word hierby gewysig—

*(a)* deur die syfer (1) voor die volgende woorde in te voeg:

"(1) 'n Raadslid ontruim die amp gedurende 'n ampstermyn indien daardie raadslid—";

*(b)* deur paragraaf *(d)* deur die volgende paragraaf te vervang:

"*(d)* 'n bepaling van die **[Gedragkode vir Raadslede in Bylae 1 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, 2000, uiteengesit,]** Gedragskode oortree en ingevolge daardie Kode van die amp onthef word;";

*(c)* deur paragraaf *(e)* deur die volgende paragraaf te vervang:

"*(e)* 'n verteenwoordiger van 'n plaaslike raad op 'n distriksraad is en nie meer 'n lid van die plaaslike raad is wat daardie raadslid op die distriksraad aangestel het nie, of ingevolge Item 23 van Bylae 2 by hierdie Wet deur die plaaslike raad vervang word as sy verteenwoordiger op die distriksraad; of"; en

*(d)* deur die volgende subartikel by te voeg:

"(2) By die toepassing van hierdie artikel, mag slegs 'n gemagtigde verteenwoordiger 'n munisipale bestuurder verwittig dat 'n vakature ontstaan het soos in subartikel (1)*(c)* en *(f)* beoog.".

**Wysiging van artikel 29 van Wet 117 van 1998, soos gewysig deur artikel 3 van Wet 20 van 2002, artikel 9 van Wet 2 van 2003 en artikel 11 van Wet 55 van 2008**

**14.** Artikel 29 van die Hoofwet word hierby gewysig deur die volgende subartikel na subartikel (1) in te voeg:

"(1A) Indien die speaker of waarnemende speaker weier om 'n vergadering van die raad te belê soos ingevolge subartikel (1) versoek, mag die munisipale bestuurder, of in die afwesigheid van of by weiering deur die munisipale bestuurder 'n persoon deur die LUR vir plaaslike regering in die provinsie aangewys, die vergadering belê en daaroor voorsit.".

**Invoeging van artikel 29A in Wet 117 van 1998**

**15.** Die volgende artikel word hierby na artikel 29 in die Hoofwet ingevoeg:

"**Publieke kennisgewing van vergaderings van munisipale rade**

**29A.** Die munisipale bestuurder van 'n munisipaliteit moet aan die publiek kennis gee, op 'n wyse deur die munisipale raad bepaal, van die tyd, datum en plek van elke—

*(a)* gewone en spesiale vergadering van die raad of 'n vergadering van 'n komitee van 'n raad;

*(b)* gewone of spesiale vergadering van die raad of 'n vergadering van 'n komitee van 'n raad wat uitgestel is; en

*(c)* dringende vergadering van die raad of vergadering van 'n komitee van 'n raad, behalwe wanneer tydbeperkings dit onmoontlik maak.".

**Amendment of section 30 of Act 117 of 1998**

**16.** Section 30 of the principal Act is hereby amended—

*(a)* by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

"(1) A majority of the number of councillors determined in terms of section 20 must be present at a meeting of the council when a vote is taken on any matter."; and

*(b)* by the substitution for subsection (4) of the following subsection:

"(4) If on any question, other than a matter mentioned in section 160(2) of the Constitution, there is an equality of votes, the councillor presiding must exercise a casting vote in addition to that councillor's vote as a councillor.".

**Amendment of section 36 of Act 117 of 1998**

**17.** Section 36 of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsection (5) of the following subsection:

"(5) A councillor may not hold office as whip, speaker, mayor or executive mayor at the same time**[, but in a municipality of a type mentioned in section 9*(e)* or *(f)* or 10*(c)* the speaker must be called the mayor]**.".

**Amendment of section 37 of Act 117 of 1998, as amended by section 14 of Act 51 of 2002**

**18.** Section 37 of the principal Act is hereby amended—

*(a)* by the substitution for paragraphs *(e)* and *(f)* of the following paragraphs, respectively:

"*(e)* must ensure compliance in the council and council committees with the Code of Conduct **[set out in Schedule 1 to the Local Government: Municipal Systems Act, 2000 (Act No. 32 of 2000)]**; **[and]**

*(f)* must ensure that council meetings are conducted in accordance with the rules and orders of the council**[.]**;"; and

*(b)* by the addition of the following paragraphs:

"*(g)* must ensure that the legislative authority of the municipality functions effectively;

*(h)* is responsible for the effective oversight over the executive authority of the municipality;

*(i)* must ensure the effectiveness of the committees of the municipal council established in terms of section 79;

*(j)* is responsible for the ethics and accountability of the municipal council; and

*(k)* must ensure the effectiveness and functionality of ward committees and the public participation processes.".

**Insertion of sections 41A, 41B, 41C, 41D, 41E and 41F in Act 117 of 1998**

**19.** The following sections are hereby inserted in the principal Act after section 41:

"***Part 3***

***Whips of municipal councils***

**Election of whip**

**41A.** (1) Each municipal council may elect a whip for the council who is also a municipal office bearer as set out in Schedule 3.

(2) At its first sitting after its election, or when necessary to fill a vacancy, a municipal council may elect its whip from among the councillors.

(3) The speaker of the municipality presides over the election of the whip.

**Wysiging van artikel 30 van Wet 117 van 1998**

**16.** Artikel 30 van die Hoofwet word hierby gewysig—

*(a)* deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

"(1) 'n Meerderheid van die getal raadslede ingevolge artikel 20 bepaal, moet by 'n vergadering van die raad teenwoordig wees wanneer oor enige aangeleentheid gestem word."; en

*(b)* deur subartikel (4) deur die volgende subartikel te vervang:

"(4) Indien oor enige vraag, behalwe 'n aangeleentheid in artikel 160(2) van die Grondwet vermeld, daar 'n staking van stemme is, moet die raadslid wat voorsit 'n beslissende stem, benewens daardie lid se stem as 'n raadslid, uitbring.".

**Wysiging van artikel 36 van Wet 117 van 1998**

**17.** Artikel 36 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikel (5) deur die volgende subartikel te vervang

"(5) 'n Raadslid mag nie terselfdertyd die amp van speaker en burgemeester of uitvoerende burgemeester beklee nie**[, maar in 'n munisipaliteit van 'n soort genoem in artikel 9*(e)* of *(f)* of 10*(c)* word die speaker die burgemeester genoem]**.".

**Wysiging van artikel 37 van Wet 117 van 1998, soos gewysig deur artikel 14 van Wet 51 van 2002**

**18.** Artikel 37 van die Hoofwet word hierby gewysig—

*(a)* deur paragrawe *(e)* en *(f)* onderskeidelik deur die volgende paragrawe te vervang:

"*(e)* moet nakoming in die raad en raadskomitees van die Gedragskode **[in Bylae 1 by die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, 2000 (Wet 32 van 2000) uiteengesit,]** verseker; **[en]**

*(f)* moet toesien dat raadsvergaderings ooreenkomstig die reëls en orders van die raad verloop**[.]**;"; en

*(b)* deur die volgende paragrawe by te voeg:

"*(g)* moet verseker dat die wetgewende gesag van die munisipaliteit doeltreffend funksioneer;

*(h)* is verantwoordelik vir doeltreffende toesig oor die uitvoerende gesag van die munisipaliteit;

*(i)* moet die doeltreffendheid van die komitees van die munisipale raad ingevolge artikel 79 ingestel, verseker;

*(j)* is verantwoordelik vir die etiek en verantwoordbaarheid van die munisipale raad; en

*(k)* moet die doeltreffendheid en funksionaliteit van die wykskomitees en die openbare deelnameprosesse verseker.".

**Invoeging van artikels 41A, 41B, 41C, 41D, 41E en 41F in Wet 117 van 1998**

**19.** Die volgende artikels word hierby na artikel 41 in die Hoofwet ingevoeg:

"***Deel 3***

***Swepe van munisipale rade***

**Verkiesing van sweep**

**41A.** (1) Elke munisipale raad kan 'n sweep vir die raad verkies wat ook 'n munisipale ampsbekleër is soos in Bylae 3 uiteengesit.

(2) Tydens die eerste sitting na die verkiesing daarvan, of wanneer dit nodig is om 'n vakature te vul, kan 'n munisipale raad 'n sweep uit die geledere van die raadslede verkies.

(3) Die speaker van die munisipaliteit sit voor oor die verkiesing van die sweep.

This gazette is also available free online at **www.gpwonline.co.za**

(4) The procedure set out in Schedule 3 applies to the election of the whip.

(5) A councillor may not hold office as whip, speaker, mayor or executive mayor at the same time.

**Functions of whip**

**41B.** The whip of a municipal council—

*(a)* liaises with the different political parties to ensure representation in council and council committees;

*(b)* maintains sound relations between the various political parties;

*(c)* informs the whips of all parties on important matters on the council agenda;

*(d)* assists the speaker to count votes in the council meeting;

*(e)* facilitates the interaction between the executive and legislative oversight structures in the municipality; and

*(f)* resolves disputes between the speaker, mayor or executive mayor, or members of the mayoral committee.

**Term of office of whip**

**41C.** The whip of a municipal council is elected for a term ending, subject to section 41D, when the next council is declared elected.

**Vacation of office**

**41D.** The whip of a municipal council vacates office during a term if that person—

*(a)* resigns as whip;

*(b)* is removed from office; or

*(c)* ceases to be a councillor.

**Removal from office**

**41E.** (1) A municipal council may remove, by resolution, the whip from office.

(2) Prior written notice of an intention to move a motion for the removal of the whip must be given.

**Acting whips**

**41F.** If the whip of a municipal council is absent or not available to perform the functions of whip, or during a vacancy, the council must elect another councillor to act as whip.''.

**Amendment of section 43 of Act 117 of 1998**

**20.** Section 43 of the principal Act is hereby amended—

*(a)* by the substitution for subsections (1) and (2) of the following subsections, respectively:

''(1) *(a)* If the council of a municipality establishes an executive committee, it must **[elect]** determine a number of councillors necessary for effective and efficient government, provided that no more than 20 per cent of the councillors (fractions to be disregarded) or 10 councillors, whichever is the least, are determined.

*(b)* An executive committee may not have less than three members.

(2) The award of seats on the executive committee to political parties or political interests must be determined in the following manner—

*(a)* the number of seats won by a political party or political interest divided by the total number of councillors determined for that municipality in terms of section 20 and multiplied by the number of seats on the executive committee;

(4) Die prosedure in Bylae 3 uiteengesit, is van toepassing op die verkiesing van die sweep.

(5) 'n Raadslid mag nie terselftertyd die amp van sweep, speaker of uitvoerende burgemeester beklee nie.

**Werksaamhede van sweep**

**41B.** Die sweep van 'n munisipale raad—

*(a)* skakel met die verskillende politieke partye om verteenwoordiging in die raad en raadskomitees te verseker;

*(b)* handhaaf gesonde verhoudings tussen die verskeie politieke partye;

*(c)* lig die swepe van alle partye in oor belangrike aangeleenthede op die raadsagenda;

*(d)* staan die speaker by met die tel van stemme in die raadsvergadering;

